skrywer van die maand

RIËTTE RUST

Ons skrywer van die maand se jongste, *'n Lyf onthou*, het resensente laat regop sit. Sy takel 'n onderwerp wat grootliks deur Afrikaanse skrywers geïgnoreer word: seks en die lyflike. Ons pols haar 'n bietjie.

Jou agtergrond? Ek het in die Paarl grootgeword. Ná my drama-, taal- en onderwysstudie aan Maties het ek as skakelbeampte by KWV verskeie wyn- en brandewynkursusse afgelê en landswyd gereis om dié kursusse aan te bied. Daarna was ek redakteur van KWV se personeelblad, *Parskuip*, en het ook vir die tydskrif *Wynland* geskryf. Hierna het my vryskutloopbaan begin en ek is al met twee ATKV-Media-Veertjies en 'n Citadel-prys bekroon. My eerste boek, *Lang bene & Lipstiek: Gebruik jou seksualiteit en behaal sukses* (Naledi), het verlede jaar verskyn. Daarby tree ek gereeld op radio op en het al 'n draaiboek vir 'n wynprogram geskryf en dit op kykNET aangebied. Ek hou van opwinding. Ek het al valskerm gespring, 'n skubaduikpoging aangewend, 'n helikopter gestuur en saam met die bulle in Pamplona gehardloop. Ek woon in die Kaap se noordelike voorstede, is getroud en het twee dogters. Ek is gek na lees, musiek, toneel, kunsflieks en goeie kos en wyn.

Wat het jou geïnspireer om *'n Lyf onthou* te skryf? Ek was nog altyd geïnteresseerd in wat die mens – veral die vrou – laat tiek. My boek handel oor die psige van die vrou, met seksualiteit as een faset daarvan. Ek ondersoek verskynsels wat as "afwykend" beskou word, soos buite-egtelike verhoudings, seksuele teistering en sado-masochisme. Daarby word ek diep geraak wanneer ek van afstootlikhede soos kindermolestering en verbale teistering hoor en baie ontsteld oor siektes soos vigs en die effek daarvan.

Dink jy daar is, soos gemeen word, werklik 'n onwilligheid of ongemak om oor seks en die liggaam in Afrikaans te skryf? Absoluut. Dit het te make met hoe ons grootgeword het. Jy praat nie oor seks nie. As kinders is ons ook dikwels nie daaroor ingelig nie. Die stilte het seks verdag gemaak.

Hoekom? Dis baie, baie moeilik om 'n goeie sekstoneel te skryf. Dis dié dat so min skrywers – veral vroulikes – dit in Afrikaans waag. Ek dink dis belangrik om die stilte oor seks op te hef en dit te só te normaliseer. Seks is net so 'n belangrike deel van ons menswees soos ons behoefte aan asemhaal of eet. Dit verg natuurlik ook *guts* om daaroor te skryf. Jy gooi jou oop vir kritiek en vooroordele.

Het jy al 'n boek of 'n bundel gelees wat jou lewe ingrypend verander het? Jy weet nie wanneer dit gebeur nie. Ek dink elke boek wat ek al gelees het, het op 'n manier 'n invloed gehad - selfs al was dit net dat ek nie só wil skryf nie.

Het jy gunsteling-digters/skrywers? Daar is honderde. Hier is 'n paar: Marlene van Niekerk, André le Roux, Rachelle Greeff, Wells Tower, Raymond Carver, Charles Bukowski, Dave Eggers, J.M. Coetzee en Roald Dahl.

VERNIET **Vyf *rooi rose*-lesers kan 'n kopie van *'n Lyf onthou* van Naledi-uitgewers kry. Stuur jou besonderhede voor einde Julie aan rooi rose se webwerf, www.rooirose.co.za met LYF in die onderwerpreël.**



ballet

• **Mzansi Productions** en **The South African Ballet Theatre** bied die eerste produksie in Suid-Afrika van **Le Corsaire**, **vanaf 19 tot 29 Julie** aan. 'n Verhaal van liefde en avontuur, met virtuositeit in die dansaanbieding wat jou mond sal laat oophang. Met die oorspronklike choreografie van Marius Petipa, en die musiek van Adolphe Adam, Cesare Pugni, Leo Delibes, Riccardo Drigo, en Prince Oldenbourg. Nuwe dekor is plaaslik deur Andrew Botha ontwerp. **By The Mandela, Joburg-teater**. 0861 670 670 of www.joburgtheatre.com

Lekkerlit

10 Maande, 10 boeke. Net een boek sal wegstap met die titel: **LAPA Lekkerlit-boek van die jaar.** En jy, die leser, besluit wie die wenner is. Vanaf 1 Februarie tot 30 November 2012 kies LAPA Uitgewers elke maand 'n Lekkerlit-boek: 'n mengsel van spanning, romanse en avontuur. Elke maand kan een leser R1 000 kontant wen deur 'n maklike vraag oor die Lekkerlit-boek van die maand te beantwoord. Benewens die kompetisievraag, sal jy op die LAPA-webwerf en LAPA-facebook-blad besprekings van die boeke, vrae vir leeskringe, onderhoude met die skrywers en ander brokkies inligting kry. In Desember 2012, wanneer al tien boeke gelees is, stem lesers oor die beste Lekkerlit-boek van die jaar. Die prysgeld is dan 'n volle R10 000 vir die leser en die skrywer van die jaar!

Lesers kan vir die kompetisie inskryf en stem: www.facebook.com/LAPA. Uitgewers www.lekkerlit.mobi of SMS jou naam, 'LAPA' en die antwoord na 33618. R1,50 per SMS



Julie se Lekkerlit-boek is *Eendagmooi* (Kristel Loots). Janeke loop gevaar om haar man te verloor, en veel meer. Sy word min gespaar en daar word meer van haar verwag as redelikheid. Uiteindelik wen sy meer as waaroor sy ooit durf droom het. *Eendagmooi* is 'n onvergeetlike storie wat die binnelewe van 'n vrou fyn verwoord en wys dat hoop en liefde van 'n eendagmooi 'n hemelblom kan maak.